

Vrydag 8 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 4:12-16

Fokusgedeelte: Hebreërs 4:12

God se lewende, kragtige Woord

Dit is 'n wonderlike voorreg om God se Woord te hoor en lees. Hierdie gedeelte is 'n besondere gedeelte wat ons aandag weer op die krag van God se Woord vestig. Die gedeelte roep die gelowiges op om nie net te gaan luister na God se Woord nie, maar ook om werklik in die God van die Woord te glo.

In die 1933/53-vertaling lees ons in vers 12 die woord “want” raak. Die hoorders moet onthou wat Israel in die woestyn gedoen het. Hulle het die lewende en kragtige Woord van God ontvang, maar hulle ongelowig nie daaraan gesteur nie. Die Woord van God doen kragtige dinge in ons lewens en dit bring lewe in ons harte wanneer ons daarna luister en dit glo. Ons almal is in sonde ontvang en gebore en as gevolg van hierdie sonde is ons dood (Ef. 2:1). 'n Dooie mens kan homself nie weer lewendig maak nie.

Net so is dit met 'n dooie sondaar. Slegs God wat deur sy Woord werk, kan nuwe lewe in ons dooie harte opwek. Dit is juis in tye wanneer ons “dood” voel wat God ons lewendig hou deur sy Woord. Hierdie Woord van God sal altyd 'n kragtige uitwerking hê. Niemand bly dieselfde mens nadat hulle die Woord van God gehoor het nie. Ons gryp die Woord in geloof vas, of ons word verhard. Christus is ons Hoëpriester wat ons nader trek aan God deur sy Woord. Dis hier naby aan God se voete dat ons kan glo hoeveel barmhartigheid en genade God vir ons gee. Christus is die Een wat ten volle betaal het sodat ons deur die geloof deel kan hê in hierdie lewende en kragtige daad van God – die lewende en kragtige Woord. Glo in Hom.

Sing: Psalm 119-1:7, 8

Ds. J Cronje (Jaco) (Aliwal-Noord)